OPTREDE DEUR

Die Voorsitter voel dat die verwysing na geweld in paragraaf 6.3 te kras gestel is, en sê dat slegs as alle pogings op die politieke, ekono=miese en maatskaplike terreine nie slaag nie, teruggeval sal word op die verdedigingsmagte. Dit beteken egter nie dat die verdedigingsmagte nie intussen moet optree om die orde te hand=haaf nie.

Met hierdie aanpassing word die notule goedge=keur maar dit word besluit dat dit nie verder versprei moet word nie weens die sensitiwiteit daarvan. SEKRETARIS

7. AGENDA-ITEM 5 : DESENTRALISASIE VAN AE & CI-AANLEG NA RUSTENBURG/BOPHUTHATSWANA

Die Sekretaris lig die dokument wat as 'n bylaag tot die agenda versprei is, toe en die Staats=veiligheidsraad aanvaar die voorstelle. SEKRETARIS

8. AGENDA-ITEM 3 : TOESTAND IN RHODESIË

Die verslag van die spesiale ondersoekspan be=staande uit Buitelandse Sake, Militêre Inligting, Nasionale Veiligheid en Veiligheidspolisie (Adden=dum (1) tot Inligtingskomitee-oorsig 1/80 oor Rhodesië) wat onder Raadslede versprei is, word deur dr Barnard toegelig. Hy deel mee dat dit 'n konsensus-verslag is en dat dit gebaseer is op die situasie sover dit op Sondagmiddag, 17 Febru=arie 1980, bekend was.

Die dokument en veral die aanbevelings (paragraaf 7) word bespreek. Die Raad se besluite en kommentaar ten opsigte van elke aanbeveling is soos volg:

7.1 "Die RSA moet versigtig wees om nie sy steun aan die politieke groepering van sy keuse in die openbaar te laat blyk nie."

Die Staatsveiligheidsraad aanvaar. ALMAL

7.2 "Die RSA moet die demokratiese proses in Rhodesië openlik steun."

Aanvaar. Dit moet bekend gemaak word dat Suid-Afrika die uitslag van 'n demokratiese verkiesing sal aanvaar. Dit gaan hier oor ideologie. Marxis=me moet verwerp word, maar groepe moet nie by name genoem word nie. Robert Mugabe moet geen onnodige prominensie kry nie. Sielkundige aksie moet doel=treffend aangewend word in samewerking met die SAUK. ALMAL

OPTREDE DEUR

7.3 "'n Alliansievorming waarin Nkomo 'n sleutel= rol speel, is onvermydelik. Die RSA moet daarteen waak om niks te doen om 'n Muzorewa/ Nkomo-alliansie te verswaar nie. Terself= dertyd moet verseker word dat Nkomo nie in die Sowjetkamp bly nie."

Aanvaar. — ALMAL

7.4 "RSA-druk op die Britte sal 'n invloed uit= oefen op die mate waartoe die Britte bereid sal wees om intimidasie te bekamp."

Aanvaar. Volgehoue druk moet voortgaan. — MINISTER R F BOTHA

7.5 " Die RSA moet toepaslike druk op die be= langhebbende buurstate uitoefen."

Die vraag is hoe dit gedoen kan word sonder om te wys waar jy staan. Op die diplomatieke vlak is druk alreeds uitgeoefen. Op versoek van buurstate vir verdere samesprekings, moet voorlopig nie ge= reageer word nie. Op die ekonomiese vlak moet voortgegaan word met 'n vertragingstaktiek. — ALMAL

7.6 "Benewens steun aan gematigde partye behoort proaktief opgetree te word teen die radikale groepe."

Geen optrede wat direk na die RSA herlei kan word, moet uitgevoer word nie. Enige overte optrede teen die radikale groepe moet die Staatsveiligheidsraad se goedkeuring verkry. — ALMAL

7.7 "Dit word aanbeveel dat Sithole se versoek vir R10 000 gunstig oorweeg word."

In beginsel aanvaar. Hiervoor, en vir ander be= drae wat benodig word, moet 'n volledige gemoti= veerde versoek aan die Tesourie voorgelê word. — MINISTER R F BOTHA

7.8 "Die implikasie van eliminasie van politieke figure in Rhodesië moet voortdurend onder oë gehou word."

Aanvaar. Dit word daarop gewys dat die mislukte pogings om Mugabe om die lewe te bring, besig is om van hom 'n martelaar te maak. Na nog so 'n poging is hy 'n held. — ALMAL

7.9 "Vanweë die veiligheidsituasie in Rhodesië moet die RSA gereed wees om te reageer op 'n amptelike versoek van Muzorewa, wat hy reeds vertroulik uitgespreek het, om militêre steun kort voor en na die verkiesing."

OPTREDE DEUR

Aanvaar. Geen overte militêre steun sal sonder die Staatsveiligheidsraad se spesifieke goedkeuring verleen word nie. Dit sal ook die laaste uitweg wees. ALMAL

7.10 "Britse betrokkenheid in die Rhodesiese situasie moet solank moontlik behou word." commitment

Aanvaar. Selfs ná die verkiesing moet Britse betrokkenheid behou word want wetgewing sal geloods moet word. Die Britse eerste minister het die versekering gegee dat Rhodesië se verpligtinge teenoor ons deur wetgewing vasgelê sal word. legislation ALMAL

Tydens die bespreking van die aanbevelings, het die Voorsitter daarop gewys dat dit verhinder moet word dat die RSA in Rhodesië in 'n militêre stryd ingesleep word. Dit sal 'n flater wees "om ons te laat Viëtnam in Rhodesië." Klandestiene aksies mag egter voortgaan. Ook finansiële hulp moet verleen word, want deur niks te doen nie kan dinge verkeerd loop en 'n vlug ontstaan wat ons R10 miljoen tot R12 miljoen kan kos. Ons enigste alternatief is om met die minste uitgawe moontlik 'n bewind daargestel te kry met wie ons kan saamleef. As dit ons R5 miljoen tot R6 miljoen kos, is dit 'n beter belegging. blunder

Die Voorsitter verlang dat 'n oorsig van die situasie in Rhodesië wat die inligtingsgemeenskap met mekaar uitgeklaar het, daagliks voorgelê moet word. DR BARNARD

Die Voorsitter voeg by dat slegs in uiters dringende gevalle, situasierapporte wat nie deur die betrokke instansies behoorlik geëvalueer is nie, hom mag bereik. ALMAL

9. Die vergadering verdaag om 11h40.

10. Die volgende vergadering word op Maandag, 25 Februarie 1980, om 10h30 in die Kabinetskamer, Hendrik Verwoerd-gebou, Kaapstad, gehou.

GOEDGEKEUR

SEKRETARIS
20 Februarie 1980

VOORSITTER
25 Februarie 1980

OPSTELLER